basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# Halfjaar Basislyn Assessering

# Afrikaans Huistaal Graad R - 3

## Agtergrond en rasionaal

1. Op Maandag, 23 Maart, het ons President die nasie toegespreek en 'n nasionale inperking vanaf middernag op Donderdag, 26 Maart tot middernag Donderdag, 16 April verklaar. Dit is later uitgebrei omdat die impak van die pandemie meer ernstig geword het.
2. Skole is gesluit vanaf 18 Maart tot Junie en selfs later vir 'n paar grade. Dit het gelei tot die oproep vir buitengewone maatreëls om ons onderwysers, leerders en ouers in terme van kurrikulumlewering te ondersteun.
3. Die huidige konteks van die COVID-19 pandemie en die inperking het 'n unieke situasie met groot uitdagings wat 'n beroep vir veerkragtigheid en kreatiewe en konstruktiewe antwoorde geskep.
4. Die COVID 19 realiteit vereis nuwe maniere om te verseker dat onderrig en leer voortduur waar kontak tyd en afstands vereistes is baie anders as die verlede.
5. As professionele opvoeders is dit ons kollektiewe verantwoordelikheid om hierdie uitdaging te aanvaar om 'n effektiewe onderrig-, leer-en assesseringsprogram te implementeer om die negatiewe impak wat deur hierdie ontwrigting veroorsaak word, te verminder.
6. Om die rede stel ons voor dat alle Grondslagfase-leerders onderworpe is aan 'n kort halfjaar-basislyn assessering op hul terugkeer na skool ten einde hul huidige vlak van funksionering ten opsigte van kernvaardighede soos uiteengesit in die KABV-kurrikulum te vestig.
7. Hierdie halfjaar basislyn assesseringsriglyn is ontwikkel as 'n gids vir onderwysers om 'n kort halfjaar assessering van leerders te voltooi om hul huidige vlak van funksionering in terme van kernvaardighede met betrekking tot Huistaal te bevestig.

## Instruksies vir die voltooiing van die halfjaar basislyn

1. Die assessering moet so spoedig as moontlik voltooi word sodat formele onderrig kan hervat word.
2. Die assessering moet 'n maksimum van twee dae neem om te voltooi.
3. Die doel van die assessering is vir onderwysers om formatiewe assesseringsprosedures te gebruik om te meet hoe hulle leerders in Huistaal vaar om hul onderrig in te lig. Dit impliseer dat onderrig gedurende hierdie tyd moet voortduur en onderwysers moet waarneming en ingeligte oordeel gebruik om die vlakke waarop leerders funksioneer, te evalueer.
4. Onderwysers moet die data ontleed vanaf die halfjaar basislyn assessering en verseker dat die waardevolle inligting wat verkry is hulle onderrig beïnvloed. Die groepe vir die lees moet weer ingestel word indien nodig.
5. Luister en praat moet geïntegreer word oor alle leerareas en vereis nie aparte aktiwiteite nie.
6. Handskrif moet gedurende die daaglikse handskrifles geëvalueer word.
7. Onderwysers kan besluit hoe ver hul halfjaar basislyn assessering gebaseer gaan word op grond van die spesifieke konteks van hul skole. Byvoorbeeld u mag kies om slegs Kwartaal 1-inhoud te kies en om die inhoud van Kwartaal 2 te hersien of 'n kombinasie van beide.
8. Onderwysers mag 'n seleksie van een of twee van die voorbeeld aktiwiteite gebruik om hulle te help in hierdie proses of hulle kan hul eie aktiwiteite gebruik om die doeleindes van die basislyn assessering te vervul. Aktiwiteite in die DBO boeke is ook 'n goeie bron.
9. Gegradeerde leesreekse en DBO werkboeke kan ook gebruik word as hulpbronne om te help met hierdie proses.

## Die halfjaar-assessering bestaan uit die volgende:

1. Lys van kern konsepte vir graad R tot 3 vir kwartaal 1 en 2.
2. Kontrolelyste vir onderwysers vir Gr. R tot 3
3. Voorbeelde van leerderaktiwiteite vir Gr. R tot 3

| KERN KONSEPTE KWARTAAL 1 AFRIKAANS HUISTAAL | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Graad R | Graad 1 | Graad 2 | Graad 3 |
| LUISTER EN PRAAT | • Luister aandagtig na instruksies en reageer gepas. | • Deel persoonlike ervarings: vertel nuus, beskryf die weer, relevante gebeure, ens | • Vertel persoonlike ervaring, nuus sonder herhaling | • Praat oor bekende nuus / nuusgebeure, lig 'n mening en druk gevoelens uit.(Omgewingsnuus, huidige tv nuus ens) |
| | • Vertel en hervertel stories van ander in eie woorde. | • Verstaan en gebruik gepaste woordeskat | • Vertel 'n storie met 'n begin, 'n middel en 'n einde. | • Luister na 'n ingewikkelde reeks instruksies (ten minste 4/vier) en reageer gepas |
| | • Pak ‘n legkaart van 5 of meer stukke. | • Luister met genot na stories en teken ‘n prent om begrip te toon. | • Luister na 'n stel ingewikkelde instruksies (wat ten minste 3/drie dele bevat) en reageer gepas | • Gebruik gepaste taal tydens gesprekke |
| | • Identifiseer en beskryf ooreenkomste en verskille. | • Plaas prente in 'n logiese volgorde en kommunikeer deur die idees in volgorde oor te vertel. | • Luister vir genot vir n langer tydperk na ñ storie en beantwoord vra wat daarmee verband hou. | • Luister na stories, identifiseer die hoofgedagte en besonderhede en beantwoord hoër-orde-denke bv: “Dink jy hierdie is die beste titel vir die storie? Hoekom?” |
| KLANKE | • Kan ouditief die verskillende klanke uitken. | • Herken meeste letter-klank verhoudings van die enkelklanke bv. k-a-t is kat. | • Herken enkelklanke - vokale en konsonante Dubbelklanke: aa, ee : kort vokale wat uit twee letters bestaan bv. ie, ou ens<br>• Groepeer woorde in klankfamilies | • Herken en benoem enkelklanke, dubbelklanke (aa, ee, oo, uu), vokaalklanke wat uit twee letters bestaan (ie, oe, ou, ui, eu, ei) en tweeklanke (ooi, aai, oei, eeu). |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | • Kan klanke uitken in 'n reeks wat nie pas nie. | • Woordbou: Vorm kort 3-4 letter woorde met klanke wat reeds aangeleer is, bv. m-a-t /mat.<br>• Groepeer woorde in klankfamilies (Rymwoorde) | • Woordbou: Vorm 3- en 4 letterwoorde met enkel- en dubbelklanke wat reeds aangeleer is, bv. m-aa – t / maat. | • Herken en gebruik beginklanke van woorde: spr– sproet, skr- skroef, str- straat.<br>• Bou 3, 4 en 5- letter woorde deur van tweeklanke en drieklanke gebruik te maak wat reeds aangeleer is. |
| LEES | • Maak eie storie op deur die prente te "lees" | • Woordherkenning: Sigwoorde<br>• Assesseer woordherkenning (30 – 40 woorde)<br>• Gebruik prente om die storie te voorspel.<br>• Gebruik klank woorde in sinne en ander teks. | • Woordherkenning :<br>• Assesseer sigwoord-herkenning (50 – 60 sigwoorde)<br>• Assesseer paragraaflees (50 – 60 woorde) | • Woordherkenning: Assesseer minstens 70 – 80 sigwoorde individueel.<br>• Assesseer leerder se leesvermoë (70 – 80 woorde) |
| | • Teken 'n prent om die hoofgedagte van 'n storie uit te beeld. | • Beantwoord oop en geslote vrae oor die storie. Wat gebeur as…? Hoekom dink jy so? Wat sou jy anders doen?<br>Vra vrae wat met die vertelde/ geleesde storie verband hou. | • Beantwoord oop en geslote vrae en verskaf redes vir die antwoorde. | • Druk gevoelens uit oor 'n teks en verskaf redes. Byvoorbeeld: "Ek dink die skrywer kon die storie 'n gelukkiger einde gegee het. Die dolfyn het so hard probeer om te ontsnap."<br>• Beantwoord oop en geslote vrae en verskaf redes vir die antwoorde. |
| SKRYF | • Teken 'n prent om 'n boodskap oor te dra. | • Doen transkripsie van 3-4 letter woorde van klanke wat reeds aangeleer is, bv. mat, kat. Integreer met klanke. | • Skryf minstens 3 sinne (oor eie nuus, 'n onderwerp, tema of storie) met hoofletters en punte. | • Skryf 'n paragraaf (minstens 6 – 8 sinne) oor eie nuus, 'n onderwerp, tema of storie. |
| | • Vorm letters op verskillende maniere deur van die hele liggaam gebruik te maak. | • Skryf eie naam. | | • Gebruik teenwoordige, verlede en toekomstige tyd korrek. Gebruik leestekens korrek (hoofletters, punte, kommas, vraagtekens, uitroeptekens en aanhalingstekens). |
| | | • Kopieer 1 sin korrek van die bord af.<br>• Poog om 'n eie sin by 'n tekening of nuus te skryf. | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| HANDSKRIF | • Gebruik ‘n verskeidenheid skryfinstrumente bv. kryte, verfkwas ens. | • Vorm ten minste 7 kleinletters korrek in terme van vorm en grootte | • Kan in drukskrif meeste hoofletters en kleinletters korrek vorm in terme van vorm en grootte<br>• | • Kan in drukskrif al die hoofletters en kleinletters korrek vorm |
| | | • Skryf 2 – en 3-letter woorde met die korrekte spasie.<br>• Transkripsie van sin met korrekte spasiëring | • Kan ten minste twee sinne korrek oorskryf | • Kan ten minste een sin korrek oorskryf in lopende skrif. |

| KERN KONSEPTE KWARTAAL 2 AFRIKAANS HUISTAAL | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Graad R | Graad 1 | Graad 2 | Graad 3 |
| LUISTER EN PRAAT | • Neem beurte om te praat en te luister sonder onderbreking. | • Praat oor persoonlike ervaringe. Byvoorbeeld, vertel nuus in die korrekte volgorde | • Praat oor persoonlike ervaringe, byvoorbeeld, vertel persoonlike nuus. | • Praat oor bekende nuus / nuusgebeure, lug 'n mening en druk gevoelens uit. |
| | • Vertel stories en vertel ander maats se stories in eie woorde oor. | • Luister na stories en identifiseer die hoofgedagte in stories. | • Beantwoord oop en geslote vrae en verskaf redes vir die antwoorde. | • Analiseer, vergelyk en kontrasteer inligting soos die eetgewoontes van 'n kind en 'n apie. |
| | • Bou en voltooi 'n tien-stuk (of meer) legkaart. | • Luister na instruksies (groep- en daaglikse roetine) en reageer gepas. | • Neem aan besprekings deel en stel vrae om duidelikheid te kry. | • Luister na 'n ingewikkelde reeks instruksies (ten minste 5) en reageer gepas. |
| | • Identifiseer en beskryf ooreenkomste en verskille. | | • Druk gevoelens uit oor 'n storie of gedig | |
| KLANKE | • Onderskei op gehoor tussen verskillende klanke veral aan die begin van woorde. | • Identifiseer letter-klank-verhouding van die meeste enkelklanke<br><br>• Groepeer woorde in klankfamilies soos *kat, mat, gat, vat*. | • Herken drieletterkombinasies aan die begin van woorde soos spr, skr.<br>• Hersien en identifiseer vokaalklanke wat uit twee letters bestaan soos eu, ei, ou.<br>• Herken klanke aan die begin van woorde, soos br- soos broek, bl- soos blik.<br>• Herken woorde met beginklanke, soos gl- in gly, glas, gleuf.<br>• Hersien tweeklanke soos oei, eeu, aai, ooi.<br>• Herken rymwoorde soos koei, bloei, groei, roei. | • Gebruik aangeleerde spelreëls om woorde korrek te spel.<br>• Gebruik klankkennis om woorde te bou.<br>• Herken en gebruik woorde wat op -ng en -nk eindig soos sing, drink.<br>• Herken en gebruik woorde wat op -like en -ige eindig soos heerlike, besige. |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | • Luister na die woord in 'n reeks wat nie pas nie en 'n reeks waar al die woorde met dieselfde klank begin, soos *ring, roos, rond, kort* en identifiseer of die twee gegewe klanke verskil of ooreenkom. | • Bou eenvoudige woorde wat met 'n enkelkonsonant begin en breek dit op in die beginklank en die rymklank (laaste deel van die lettergreep), soos *h-en, p-en, v-in, s-in* en identifiseer die rymklank.<br>• Bou woorde van aangeleerde klanke | • Bou 3, 4 en 5-letter woorde deur gebruik te maak van drie-letter kombinasies aan die betin van woorde en dubbelklanke en tweeklanke soos aangeleer in kwartaal 2. | • Gebruik klankkennis om woorde te bou |
| LEES | • Plaas 'n reeks prente in die korrekte volgorde om 'n storie te skep en "lees" dan die storie. | • Woordherkenning van sigwoorde: Assesseer woordherkenning( 50 – 60 woorde)<br>• Gebruik leidrade en prente in die teks vir begrip. | • Woordherkenning van sigwoorde: Assesseer woordherkenning (60 – 70 woorde)<br>• Assesseer paragraaflees (60 – 70 woorde) | • Woordherkenning van sigwoorde: Assesseer woordherkenning (80 – 90 woorde)<br>• Assesseer paragraaflees (80 – 90 woorde) |
| | • Bespreek en beskryf die karakters in die stories. | • Beantwoord 'n wye verskeidenheid vrae wat betrekking het op die teks wat gelees is insluitend hoër-orde-denkvrae. | • Beantwoord hoër-orde-denkvrae wat op die teks gegrond is. Byvoorbeeld: "Hoe verskil die leeu se gedrag van die muis s'n?" | • Gebruik klankkennis, kontekstuele en struktureel-analitiese dekoderingsvaardighede tydens die lees van onbekende woorde.<br>• Beantwoord 'n verskeidenheid hoër-orde-denkvrae wat op die teks gegrond is. Byvoorbeeld: "Hoe sou jy die leeu se gedrag beskryf?" |
| SKRYF | • Skep tekeninge om 'n boodskap oor te dra, soos eie "nuus". | • Stel 'n lys woorde saam volgens instruksies, soos 'n lys voedselsoorte | • Skryf 'n eie storie van minstens een paragraaf (ten minste 5 sinne) en gebruik 'n skryfraam. | • Skryf ten minste twee paragrawe (tien of meer sinne) oor persoonlike ervarings soos daaglikse nuus of skoolgebeure. |
| | • Begin om letters te vorm deur middel van vingerverf, verfkwaste, vetkryte, ens. | • Gebruik klankkennis om sinne te skryf. | • Gebruik teenwoordige en verlede tyd korrek. | • Gebruik teenwoordige en verlede tyd korrek, byvoorbeeld: Hy lees sy boek. Hulle het gister gesing. |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | • Skryf een eie nuussin / gedeelde skryfwerk.<br>. | | • Gebruik leestekens korrek: hoofletters, punte, vraagtekens, kommas, uitroeptekens en aanhalingstekens. |
| HANDSKRIF | • Gebruik 'n verskeidenheid skryfgereedskap: 'n potlood, skêr, verfkwaste en kryte. | • Vorm ten minste 20 kleinletters korrek volgens grootte en posisie, d.w.s. begin en eindig op die korrekte plekke. | • Skryf klein- en hoofletters korrek en met selfvertroue in drukskrif. | • Korrekte vorming van letters in alle skriftelike werk. |
| | • Hou kryte korrek vas en gebruik 'n aanvaarbare potloodgreep. | • Skryf woorde met korrekte spasiëring. | • Herskryf en skryf een paragraaf (3 - 4 reëls) vanaf 'n gedrukte teks soos 'n storie, gedig, ens. | • Skryf woorde korrek na van ‘n verskeidenheid bronne, dit wil sê, skryfbord, werkkaarte, handskrifkaarte, ens., met toenemende spoed in lopende skrif / skrif met verbindings. |

| HALFJAAR BASISLYN EVALUERING: GRAAD R | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **HUISTAAL: KWARTAAL 1 KONSEPTE** | | | | | | | | | |
| **Name:** | **L & P** | | | **Klanke** | | **Lees** | | **Skryf** | **Handskrif** |
| **X= kan nie**<br>**✓ = kan**<br>**● = benodig oefening** | Luister aandagtig na eenvoudige vrae en aankondigings en reageer op n gepaste wyse | Identifiseer en beskryf ooreenkomste en verskille | Voltooi en bemeester 'n legkaart van ten minste vyf of meer stukke | Onderskei mondelings tussen verskillende klanke Herken eie naam sowel as die name van 5 klasmaats | Identifiseer 'n klank wat nie in 'n reeks klanke pas nie (beginklank) | Herken en dui algemene items in 'n prent aan. | Teken 'n prent om die hoofgedagte van 'n storie, liedjie of rympie te illustreer. | Leerder teken 'n prent van hom-/haarself. Leerder skryf 'n onderskrif/die opvoeder skryf 'n gepaste onderskrif | Leerder manipuleer en hanteer skryfmateriale en 'n skêr op die korrekte wyse. (Ontluikende skryf vaardighede) |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |

| HALFJAAR BASISLYN EVALUERING: GRAAD 1 | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| HUISTAAL: KWARTAAL 1 KONSEPTE | | | | | | | | | | |
| **Name:** | **L & P** | **Klanke** | | **Lees** | | **Skryf** | | | **Handskrif** | |
| **X= kan nie**<br>**✓ = kan**<br>**● = benodig oefening** | Praat oor persoonlike ervarings. | Identifiseer letterklank verhoudings van aangleerde enkelklanke (2 vokale en 6 konsonante) | Vorm kort woorde met die klanke wat alreeds geleer is byvoorbeeld **m-a-t -** mat. | Woordherkenning: Assesseer leerders individueel op ten minste 30 - 40 sigwoorde | Beantwoord oopeinde vrae gebaseer op die gelese teks. | Doen transkripsie van 3 – 4 letter woorde met aangeleerde klanke bv. k – a – t is kat | Kopieer een sin nuus vanaf die bord. | Skryf ten minste een sin korrek met die nodige leestekens bv. n punt ens. | Skryf ten minste 7 kleinletters korrek. | Skryf woorde deur gebruik te maak van aangeleerde klanke. |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |

| HALFJAAR BASISLYN EVALUERING: GRAAD 1 | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **HUISTAAL: KWARTAAL 2 KONSEPTE** | | | | | | | | | | | | |
| **Name:** | **L & P** | **Klanke** | | | **Lees** | | | **Skryf** | | **Handskrif** | | |
| **X= kan nie**<br>**✓ = kan**<br>**● = benodig oefening** | Luister na instruksies groep- en daaglikse roetines) en reageer toepaslik | Identifiseer letter-klank-verhouding van die meeste enkelklanke wat aangeleer is. | Identifiseer en skryf die beginklank van prentjies.Pas die eerste klank by die prentjie / woord (konsonante en klinkers) | Bou woorde van aangeleerde klanke *(-ad, -at, -ak, -ed, -et, ek, -ot, -op, -ok, -ut, -ug, -uk, -it, -* | Woordherkenning: Assesseer leerders individueel op ten minste 50 – 60 sigwoorde | Lees woorde in sinne en ander teks deur klankkennis te gebruik | Luister begrip: Leerders reageer op 2 - 3 mondelinge vrae aangaande die Gedeelde lees storieteks | Kopieer en skryf eenvoudige kort sinne. | Skryf ten minste 1-2 sinne oor eie nuus of 'n ander onderwerp (Tema/Storie ens.) Gebruik hoofletters en punte. | Vorm ten minste 20 kleinletters korrek volgens grootte en posisie | Skryf twee en drie letter woorde met korrekte spasiëring. | |
| | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | |



| HALFJAAR BASISLYN EVALUERING: GRAAD 2 | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| HUISTAAL: KWARTAAL 1 KONSEPTE | | | | | | | | | |
| **Name:** | **L & P** | **Klanke** | | **Lees** | | | **Skryf** | **Handskrif** | |
| **X= kan nie**<br>**✓ = kan**<br>**● = benodig oefening** | Luister na instruksies wat uit ten minste twee dele bestaan, en reageer toepaslik. | Identifiseer letter-klankverhoudings van alle enkelklanke. | Bou drie- en vierletterwoorde. Gebruik enkel- en dubbelklanke, wat reeds gedurende kwartaal 1 onderrig is. | Woordherkenning op sigwoorde: Assesseer woordherkenning (50 – 60 woorde) | Assesseer die hardoplees van n paragraaf (50-60 woorde). | Beantwoord oop- en geslote vrae oor n storie en verskaf redes vir die antwoord. | Skryf minstens drie sinne oor eie nuus of jou eie skeppende storie en gebruik aangeleerde klanke, bekende sigwoorde, hoofletters en punte | Skryf al 26 klein- en hoofletters korrek: vorming, spasiëring en rigting in lyne. | Kopieer twee of meer sinne netjies en leesbaar. |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |


| HALFJAAR BASISLYN EVALUERING: GRAAD 2 | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| HUISTAAL: KWARTAAL 2 KONSEPTE | | | | | | | | | | | |
| **Name:** | **L & P** | **Klanke** | | | | | **Lees** | | **Skryf** | **Handskrif** | |
| **X= kan nie**<br>**✓ = kan**<br>**● = benodig oefening** | Beantwoord oop- en geslote vrae en verskaf redes vir die antwoorde. | Herken drieletterkombinasies aan die begin van woorde, bv. **spr**-aak, **skr**-ee. | Herken klanke aan die begin van woorde, soos bv. **br**- in broek, **gl**- in glas. | Herken ten minste 3 vokaalklanke wat uit twee letters bestaan, bv. **eu** in deur, **ie** in wiel, **ou** in hout, **ei** in seil, | Herken tweeklanke in woorde soos bv. **oei** in koei, **eeu** in meeu, **aai** in saai, **ooi** in gooi. | Bou **drie-, vier- en vyfletterwoorde** deur klanke (enkel-, dubbel-, vokaal- en tweeklanke) te gebruik. | Woordherkenning: Assesseer 60 – 70 sigwoorde. | Lees hardop n paragraaf (60-70 woorde) - DBO-werkboek of gegradeerde leesboek. | Skryf eie storie: een paragraaf (ten minste 5 sinne). | Skryf klein- en hoofletters (in drukskrif) korrek en met selfvertroue. | Kopieer een paragraaf (3-4 reëls) vanaf n gedrukte teks soos n storie, gedig, ens. |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |

| HALFJAAR BASISLYN ASSESSERING: GRAAD 3 | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| HUISTAAL KWARTAAL 1 KONSEPTE | | | | | | | | | | |
| **Name:** | **L & P** | **Klanke** | | | **Lees** | | **Skryfwerk** | | **Handskrif** | |
| **X= kan nie**<br>**✓ = kan**<br>**● = benodig oefening** | Luister na n ingewikkelde reeks instruksies (ten minste 4) en reageer toepaslik. | Herken en gebruik beginklanke van woorde: sr, skr, str | Herken dubbelklanke en klanke wat uit 2 vokale bestaan.: aa ee, oo, uu,ie,oe,ui,eu,ei | Bou 3, 4 en 5-letter woorde met klanke wat aangeleer was. In die eerste Kwartaal. | Woordherkenning van sigwoorde Assesseer woord herkenning (70 – 80 woorde) | Assesseer leesparagraaf (70 – 80 woorde) – gebruik DBE werkboek of gegradeerde leesboeke. | Skryf ten minste een paragraaf van 8 sinne oor nuus, kreatiewe skryfwerk of ‘n beskrywing van ‘n insident/eksperment. | Skryf woorde om ‘n sin te vorm en gebruik hoofletters, punte, vraagtekens, kommas, uitroeptekens en aanhalingstekens. | Vorm kleinletters en hoofletters korrek sonder huiwering in lopende/skrif met verbindings. | Skryf ‘n sin in druksrif of lopende skrif korrek sodat dit kan verstaan word. |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |

| HALFJAAR BASISLYN ASSESSERING GRAAD 3 | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **HUISTAAL: KWARTAAL 2 KONSEPTE** | | | | | | | | | | |
| **Name:** | **L & P** | **Klanke** | | | **Lees** | | **Skryfwerk** | | **Handskrif** | |
| **X= kan nie**<br>**✓ = kan**<br>**● = benodig oefening** | Luister na n ingewikkelde reeks instruksies (ten minste 5) en reageer toepaslik. | Herken dat sommige klanke voorgestel word deur verskillende spel opsies soos y en ei. | Herken en gebruik woorde wat op-ng en –nk eindig. | Bou 3, 4 en 5-letter woorde met klanke wat aangeleer word in kwartaal 2. | Woordherkenning van sigwoorde. Assesseer woord herkenning (80 – 90 words) | Assesseer leesparagraaf deur gebruik te maak van DBO boeke en/of gegradeerde leesboeke. (80 – 90 woorde) | Skryf ten minste 2 paragrawe (tien sinne of meer gebruik korrekte punktuasie. | Gebruik teenwoordige en verlede tyd korrek | Gebruik korrekte letter formasie met alle skryfwerk. | Skryf woorde korrek van verskeidenheid bronne d.w.s skryfbord, werkkaarte, handskrifkaarte, ens met toenemende spoed in lopende skrif/skrif met verbindings. |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |

# Voorbeeld van aktiwiteite Graad R


| Graad R Halfjaar Basislyn evaluering Kwartaal 1 konsepte | |
|---|---|
| Luister aandagtig na eenvoudige vrae en aankondigings en reageer op ‘n gepaste wyse | Opvoeder vrae eenvoudige vrae in verband met die Corona Virus en verduidelik die veiligheidsmaatreëls wat in plek gestel is om elkeen se veiligheid te verseker. |
| Voltooi en bemeester ‘n legkaart van ten minste vyf of meer stukke | Leerder is in staat om legkaarte onafhanklik te voltooi |
| Identifiseer en beskryf ooreenkomste en verskille |  |
| Identifiseer ‘n klank wat nie in ‘n reeks klanke pas nie | Hierdie is ‘n eenvoudige instruksie wat op enige tydstip gedurende die dag gebruik kan word: op die mat, storietyd, by die tafels.<br><br>Vra die volgende: Watter klank pas nie? Byvoorbeeld**: b b b m b** |
| Onderskei ouditief en mondelings tussen verskillende klanke |      |
| Herken eie naam sowel as die name van 5 klasmaats | Gebruik die Helpertjiekaart. Ses leerders per groep. Leerder herken eie naam by sy/haar Kassie/tassie, sowel as die name van vyf van die klasmaats. |


| | |
|---|---|
| Identifiseer ‘n klank wat nie in ‘n reeks klanke pas nie (beginklank) | Bed, bad, bal, sand, boek<br>Man, maan, jas, mango<br>Ring, rond, reg, kop, rol |
| Herken en dui algemene items in ‘n prent aan. | <br>○ Kinders wat resies hardloop.<br>○ Juffrou wat op die geruite kombers sit en ‘n storie vir ‘n groepie kinders lees.<br>○ Kind in ‘n rolstoel wat ‘n bal vir sy maat gooi.<br>○ Kind wat op die balanseerbalk beweeg en ‘n kind wat onderdeur kruip.<br>○ Twee kinders op die wipplank.<br>○ Drie leerders wat op buitebande spring.<br>○ Iemand wat op ‘n swaai onder die boom gestoot word. |
| Teken ‘n prent om die hoofgedagte van ‘n storie, liedjie of rympie te illustreer. | Hierdie kan plaasvind gedurende onafhanklike vryekeuse tyd by die tekentafel of tydens Huistaal Fokustyd. Hou die prente/illustrasies byderhand en beskikbaar om die leerders te help met die herroeping van die hoofgedagtes. |
| Leerder teken ‘n prent van hom-/haarself. Leerder skryf ‘n onderskrif/die opvoeder skryf ‘n gepaste onderskrif | Nadat die leerder ‘n prent van hom-/haarself geteken het, skryf die leerder ’n onderskrif of die opvoeder skryf ‘n onderskrif vir die leerder se prent. Die leerder kopieër die opvoeder se onderskrif, bv.:<br><br>**Dit is ek/My naam is….** |
| Leerder manipuleer en hanteer skryfmateriale en ‘n skêr op die korrekte wyse. (Ontluikende skryf vaardighede) | Leerder teken ‘n prent van hom-/haarself met vetkryt, knip dit uit en plak dit op ‘n geverfde agtergrond bladsy.<br><br><br>1 – 1 ½ jaar Silindriese greep · 2 – 3 jaar Digitale greep · 3 ½ - 4 jar Aangepaste driepoot greep · 4 ½ - 7 jaar Driepoot greep |


*Opvoeders word aangemoedig om gebruik te maak van die DBO werkboeke vir addisionele aktiwiteite en idees.*


**Speletjiie 1:**
**Gebruik hierdie aktiwiteit as 'n prettige speletjie.**
**Hierdie is nie 'n pen en papier aktiwiteit nie.**


**Gee vir die leerder 5 items om as merkers te dien.**
**Instruksie: Plaas 'n merker op die prent in elke ry wat verskil.**















**Speletjie 2:**
**Gebruik hierdie aktiwiteit as 'n prettige speletjie.**
**Hierdie is nie 'n pen en papier aktiwiteit nie.**


**Gee vir die leerder 5 items om as merkers te dien.**
**Instruksie:  Plaas 'n merker op die prent in elke ry wat verskil.**











# Voorbeelde van aktiwiteite Graad 1

## Klank aktiwiteite

**Klanke kaart:**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| s | n | i | w | m |
| j | t | y | a | h |
| r | e | h | k | t |
| o | u | b | g | l |
| n | p | z | v | x |
| c | / 26 klanke | | | |


## Omkring die korrekte middelklank.



| | | |
|---|---|---|
| v | s | t |




| | | |
|---|---|---|
| w | r | b |



| | | |
|---|---|---|
| p | t | a |

## Sê die woord wat deur elke prent voorgestel word. Identifiseer dan die beginklank en skryf dit op die lyn


| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **a** | **e** | **i** | **o** | **u** |




k ____ t




s_____ s



s _____ n



v _____ s




b_____ k













h _____ t

## Vul die ontbrekende klanke in:

| | |
|---|---|
| w_l |  |
| ba_ |  |
| _es |  |

## Skryf die beginklank neer vir elke prentjie. Die eerste een is vir jou gedoen:

| | | | |
|---|---|---|---|
|  | b |  | |
|  | |  | |
|  | |  | |
|  | |  | |

| | | | |
|---|---|---|---|
|  | |  | |
|  | |  | |
|  | |  | |
|  | |  | |

**<u>Pas die beginklanke by die prente deur 'n lyn te trek om by hulle te pas.</u>**

p

v

m

s


n


k
















h



w



b



# Gr. 1 Lees Aktiwiteite

**Lees die woorde:**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| die | deur | wat | soos | voor | nou |
| en | net | om | ander | julle | ook |
| nie | wees | vir | want | sou | haar |
| het | weer | was | hoe | groot | al |
| ‘n | wil | dat | weet | waar | oom |
| van | een | op | ons | kyk | twee |
| is | laat | maar | sal | meer | loop |
| in | maak | sien | met | word | geen |
| ek | te | oor | hulle | toe | kon |
| dit | hy | hierdie | daar | kan | huis |
| baie | sy | tot | tog | jy | meneer |


**Lees, skryf en teken:**

| |
|---|
| Lees: Die kat sit op die geel mat. |
| Skryf: |
| Teken: |

**Lees die volgende sinne:**

| |
|---|
| Die kos is in die pot. |
| My bok staan agter die hek. |
| Ek het tien tone. |
| Die hen sit op die nes. |
| Ek sien ‘n bal op die gras. |

# **Kyk na die prent en verbind met die regte woord:**

| |
|---|
|  |
|  |
|  |
|  |
|  |




| |
|---|
| eend |
| bul |
| bal |
| hen |
| huis |

# Gr. 1 Skryf Aktiwiteite





**Teken 'n prentjie van hoe jy en jou familie veilig gebly het tydens die Grendeltyd.  Skryf twee sinne oor jou prent. Gebruik die onderstaande woorde.**

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| was | Ek | hande | het | bang | lekker | Ons | gewas | en | gespeel |

# Skryf die woord neer by elke prentjie:

| | |
|---|---|
|  | |
|  | |
|  | |

# **Kyk na die prent en skryf 'n woord of 'n sin onder elkeen.**

| | |
|---|---|
|  |  |
|  |  |

# Vul die woorde in wat ontbreek:



| | | | |
|---|---|---|---|
| sit | son | bal | vis |

1. Die sambreel beskerm my teen die _____.
2. Ek speel met my ____ op die sand.
3. My sussie ____ op die stoel en slaap.
4. Daar spring ‘n ____ in die water.

# Aktiwiteite: Voorbeelde
# Graad 2

## Gr. 2 Klankaktiwiteite



**Klankkaart:**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| a | f | g | i | l |
| b | e | d | h | m |
| j | k | p | n | s |
| o | t | u | r | w |
| v | y | aa | ee | oo |
| uu | ie | ou | eu | ei |
| ui | oe | oei | eeu | ooi |
| aai | kw | br | gl | fl |
| dr | pl | spr | skr | str |

**Bou 'n woord met die volgende klanke. Die eerste een is vir jou gedoen.**

| | | |
|---|---|---|
| **-ui-** | huis | |
| **-oei** | roei | |
| **-ei-** | keil | |
| **-oe-** | koek | |

**Skryf die woord langs die prent.**

| | | | |
|---|---|---|---|
|  | |  | |
|  | |  | |
|  | |  | |
|  | |  | |

**Omkring die woord wat <u>NIE</u> met die woord, in die eerste blok, rym <u>NIE.</u>**
**Die eerste een is vir jou gedoen:**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **kies** | vies | sien | nies | sies |
| **loer** | roer | voer | toer | woes |
| **boor** | hoor | toor | noot | voor |
| **huis** | vuil | muis | tuis | luis |
| **duur** | vuur | muur | huur | gaar |

**<u>Bou 'n woord met elk van die volgende begin klanke. Die eerstes is vir jou gedoen:</u>**

| | | |
|---|---|---|
| **br-** | broek | |
| **bl-** | blik | |
| **gl-** | gly | |
| **skr-** | skree | |
| **spr-** | sproet | |

# Gr. 2 Leesaktiwiteite

**Lees die woorde: (Opvoeders kan hul eie woordelyste ook gebruik.)**

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| as | wil | het | om | lag | muis | gee | pos | nou |
| baie | dak | mamma | pappa | jas | min | haan | mat | son |
| sit | die | wen | wag | en | lig | terwyl | so | val |
| vir | een | daar | kas | gaan | jou | op | rus | paar |
| skool | bal | huis | bus | boek | jy | kan | ry | nes |
| pas | sê | in | hou | man | goed | ons | saam | wal |
| boom | vuur | is | kom | loop | nie | maak | my | pot |
| tee | been | ek | kyk | koek | kat | met | som | wit |
| reg | tak | mooi | vis | gooi | hond | sien | sy | want |
| hou | dag | antwoord | praat | almal | hê | wie | omdat | kinders |
| tyd | nee | altyd | werk | gou | tussen | roep | nuwe | skryf |
| begin | teen | klein | hele | almal | vandag | geval | dieselfde | lekker |
| dink | eerste | iets | elke | self | drie | wou | skryf | waarom |

**Lees: Begrip en Taal**

**<u>Lees die teks en beantwoord die vrae:</u>**

**Jaap, die hond**

Bettie het 'n bruin hond. Die hond se naam is Jaap. Hy hou baie daarvan om met 'n bal te speel. Bettie gooi vir Jaap die bal en hou daarvan om te kyk hoe hy dit terug bring. Sy weet Jaap is 'n slim hond.

Hy slaap graag op die bed langs Bettie. Dit maak haar mamma vies, want sy wil hê Jaap moet eerder op die mat slaap.

Eendag het Jaap weggeraak. Bettie het oral na hom gesoek. Sy het op-en-af in die straat geloop. Sy het geroep en geroep: "Jaap, kom huis toe!" Uiteindelik kry sy vir Jaap! Hy was toe al die tyd in die park. Hy was so bly om vir Bettie te sien. Hy het sy stert heen-en-weer geswaai.

**<u>Omkring die korrekte letter vir vraag 1 en 2. KIES SLEGS EEN LETTER / ANTWOORD.</u>**

1. Jaap hou daarvan om met 'n ________ te speel.

a) stok

b) been

c) bal

2. Waar wil Bettie se ma hê moet Jaap eerder slaap?

a) op haar bed

b) buite in die tuin

c) op die mat

3. Waarom dink jy word Bettie se mamma vies as Jaap op haar bed slaap?

4. Wat in die eerste paragraaf vertel vir jou dat Jaap 'n slim hond is?

5. Hoe dink jy het Bettie gevoel toe Jaap weggeraak het?

- Bettie het ________________________________________________.

6. Nommer die gebeure van 1- 3 in die **regte volgorde**, soos wat dit in die storie plaasvind.

☐ Jaap was in die park.

☐ Bettie gooi die bal.

☐ Jaap was op die bed.

7. 1. Tydsvorme: Skryf die sinne oor in die **verlede tyd**. Begin met "**Gister**…"

a) Bettie gooi vir Jaap die bal.

- ____________________________________________________________

b) Bettie het 'n bruin hond.

- ____________________________________________________________

7.2. Tydsvorme: Skryf die sin oor in die **toekomende tyd**. Begin met "**Môre**…"

a) Jaap het op die bed geslaap.

- ______________________________________________

8. Herskryf die onderstaande sin in die oop lynspasie en gebruik die regte hoofletters en punte (leestekens):

*jaap en bettie speel met die bal*

- ______________________________________________

9. Wat is die teenoorgestelde van **hartseer**?

- ______________________________________________

10. Onderstreep die korrekte ***vet gedrukte*** woord:

- Die woord wat rym met "koei" is ***stoei* / *gooi***.

**Lees en herskryf die sin in die oop lynspasie en teken 'n prentjie:**


| |
|---|
| Die muis eet die koek in die gras. |
| • |
| |

**Lees die sinne:**

| |
|---|
| Pappa braai die vleis by die piekniek. |
| Ek sal na die boek kyk wat sy skool toe gaan bring. |
| My mamma reis per trein werk toe. |
| Die seun staan voor die klaskamer se deur. |

**<u>Kies die een sin wat die prent die beste sal beskryf en herskryf dit in die oop lynspasie.</u>**

- Die meisies speel op die sand by die strand.
- ______________________________________________.
- Die kinders geniet die sportdag en neem graag deel aan die wedlope.
- ______________________________________________.




## Gr. 2 Skryf aktiwiteite

**Gebruik die woorde uit die onderstaande kolomme. Skryf 4 – 6 sinne oor jou gunsteling seisoen van die jaar. Beskryf die seisoen. Skryf wat dit is van die seisoen wat jy geniet en watter aktiwiteite gedoen word gedurende die seisoen.**

| Herfs | Winter | Lente | Somer |
|---|---|---|---|
| blare | koud | bloeisels | hitte |
| geel | reën | helder | pret |
| oranje | trui | bestuiwing | strand |
| bome | komberse | voëls | buite |
| afval | kouse | blomme | krieket |
| voëls | sokker | velde | atletiek |
| donker | stewels | warmer | gloeiende |
| skerp | nat | skoonheid | kaalvoet |
| koel | water | draf | speel |

| | | | |
|---|---|---|---|
| son | wind<br>ysige<br>sop<br>netbal<br>rugby | stap<br>natuur | slaai<br>braai<br>swem |

**Skryf 'n kort storie (4 – 6 sinne) oor wat jy dink in die prent gebeur.**



Woorde wat jy kan gebruik:

sport

speel

meisie

seun

atletiek

netbal

swaai

klim

sokker

boomhuis

# VOORBEELD AKTIWITEITE Graad 3

**Pas die woorde aan die linkerkant by hul betekenis aan die regterkant.**

| | |
|---|---|
| verspot | beweeg moeilik; dalk 'n bietjie oorgewig. |
| gulsig | raak bewus van iets. |
| besef | snaaks; laf. |
| lomp | plante wat wild groei waar dit nie van waarde is nie. |
| plaasmark | wil meer as hul deel hê. |
| onkruid | 'n plek waar plaasprodukte en diere te koop verkoop word. |

**Kies die korrekte woord in elke sin**

1. Die eier was baie swaar en **hard / hart.**
2. Die **klere / kleure** van die ganse is wit en grys.
3. Die kerriekos wat die boervrou kook, **ryk / ruik** baie heerlik.
4. Die muishond **breuk / breek** al die ganseiers oop.

Voeg **d of t** by om elke woord te voltooi.

| |
|---|
| ka_ hon_ gron- swemba_ kamerma_ skoenlappermo_ |

**Bou woorde met die klanke hieronder en teken 'n prent by elke woord.**

| | | |
|---|---|---|
| -oei | | |
| -nk | | |
| -lm | | |
| -el | | |
| -like | | |

**Voltooi onderstaande sinne deur die korrekte voornaamwoorde te gebruik.**

| |
|---|
| Die boer het die gans gekoop.<br>Die gans behoort nou aan _____.<br>Dit is ____. |
| Die boervrou het die eiers gaan haal.<br>Die eiers behoort aan _____.<br>Dit is _____. |
| Die gans dink: "Ek het die eier gelê".<br>Die eier behoort aan _____.<br>Dit is ______. |

## **Die gans wat die goue eiers gelê het.**



'n Plaasboer en sy vrou het na die naaste dorp gegaan om 'n plaasmark by te woon. Hulle wou 'n nuwe gans koop om die onkruid in die tuin op te vreet. Hulle het 'n groot, vet gans gekoop en dit huis toe geneem. Hulle het nie besef dat dit hulle gelukkige dag was nie.

Die volgende oggend het die boer se vrou die eiers gaan haal. Sy het 'n groot, geel eier in die gans se nes gekry. Sy het die vreemde eier opgetel en na haar man toe geneem. "Kyk die eier wat die gans gelê het," sê sy. "Dit is baie swaar en baie geel."

Die boer het die eier geneem. Sy mond het oopgehang. "Die eier is van goud gemaak," het hy gesê.

<u>Die gans het elke dag 'n goue eier gelê.</u> Hulle het baie ryk geword deur die eiers te verkoop. Hulle het ook baie, baie gulsig geword.

"Laat ons die gans oopsny.  Dan het ons al die goue eiers op een slag," het die boer gesê. Maar toe hulle die gans oopsny, was daar geen goud nie. Binne-in was die gans soos enige ander gans. Die gulsige boer en sy vrou het geen goue eiers meer gehad nie. Hulle het ook nie 'n gans gehad om hulle onkruid op te vreet nie.

Die boer en sy vrou het aangehou om ganse te koop. Hulle wou 'n nuwe gans hê wat vir hulle goue eiers kon lê, maar het gou uitgevind dat hulle hul geluk verloor het.

**Lees met begrip:** (Lees die storie voordat jy die vrae beantwoord.)

1. Waarom het die boer en sy vrou ‘n gans gekoop?

______________________________________________

2. Hoe het die boer en sy vrou ryk geword?

______________________________________________

Onderstreep die korrekte antwoord.

3. Wie is die hoofkarakters in die storie?

a) die boer

b) die boer se vrou

c) die gans

d) die boer en sy vrou.

4. Wanneer het die boer se vrou die eiers uitgehaal?

a) aand

b) oggend

c) middag

d) middagete

5. Waarom was die gans se eiers so spesiaal?

a) Dit was van suiwer sjokolade.

b) Dit was van suiwer goud.

c) Dit is was baie goeie eiers.

d) Dit was van suiwer silwer.

6. Waarom het die boer die gans wat die goue eiers gelê het, oopgesny?

a) Die gans het baie geraas gemaak.
b) Die gans kon nie meer eiers lê nie.
c) Die boer en sy vrou het gulsig geraak.
d) Die ou vrou het gedink dat sy meer ganse kon koop.

7. Watter les het die boer en sy vrou geleer?

___________________________________________________________

8. Lees die onderstaande sin en skryf die sinoniem (woord met dieselfde betekenis) vir die onderstreepte woord.

Sy het 'n **<u>groot</u>**, geel eier in die nes gekry.

______________

9. Lees die onderstaande sin en skryf die antoniem (woord met die teenoorgestelde betekenis) vir die onderstreepte woord.

Hulle wou 'n **<u>nuwe</u>** gans koop om die onkruid in die tuin te vreet.

______________

10. Nommer die sinne van 1-6 in die kolom aan die regterkant om die volgorde van gebeure in die storie aan te dui.

| | |
|---|---|
| Hulle het baie ryk geword deur die goue eiers te verkoop. | |
| Binne-in was die gans net soos enige ander gans. | |
| Die boer se vrou het 'n eier wat van goud gemaak is, in die gans se nes gekry. | |
| Die gulsige boer het die gans oopgesny om al die goud op een slag te kry. | |
| 'n Boer en sy vrou het na 'n plaasmark gegaan. Hulle het 'n gans gekoop om die onkruid in hul tuin te vreet. | |
| Nou het die gulsige boer en sy vrou nie meer goue eiers nie. | |

| **Addisioneel tot die aktiwiteit:** Stem jy saam met die boer en sy vrou se gedrag? Motiveer jou antwoord. |
| --- |
| Indien jy hulle sou ontmoet, wat sou jy vir die boer en sy vrou sê? |
| Skryf wat jy sal doen as jy eendag ‘n gans wat goue eiers lê, as geskenk kry? |
| Skryf die onderstreepte sin in die leesstuk oor in die teenwoordige tyd. |
| Skryf enige direkte sin uit die leesstuk. |